Beleef Stilte

Lewenstasies

Vir

Stilte

'The sole cause of man's unhappiness is that he does not know how to stay quietly in his room'. Blaise Pasca

Welkom by Betésda lewenssentrum. Betésda was 'n werklike bad in Jerusalem waarheen mense gekom het in Jesus se tyd om genesing te ontvang. Een man (waarvan ons lees in Johannes 5) het 38 jaar aan 'n siekte toestand gely en langs die bad gelê. Hy was hulpeloos en gehoop iemand gaan genoeg omgee en help. Hy het toe Jesus by die bad ontmoet en Jesus het hom genees. Jesus se bekende woorde wat die man genees het was: "Staan op, neem jou bed op en loop" (Joh.5:8). Ons lees dat die man onmiddellik gesond geword het. Sy genesing het hom nie net fisies herstel nie maar ook sy verhouding met God en ons sien hom later getuienis gee oor hoe sy lewe verander het. Ons glo dat Jesus ook by ons hedendaagse Betésda jou gaan ontmoet.

Jou reis in Betésda

- Begin by die kapel waar jy 'n boekie ontvang wat jou in die proses begelei.
- Neem 'n sitplek in die kapel in waar jy die inleiding van die boekie lees.
- Steek dan 'n kers voor in die kapel aan as 'n simbool van die lig van die lewe, Jesus Christus wat jy nooi om jou deur die lewenstasies in die tuine te vergesel.

- Kniel voor in die kapel of in jou sitplek en bid die gebed in die boekie of in jou eie woorde waardeur jy jou vertroue in Jesus plaas vir die reis.
- Beweeg dan deur die stasies of soos die Here jou lei. Lees by elke stasie die toepaslike gedeelte uit die boekie. Indien jy nie weet waar die volgende stasie is nie, volg asb die kaart aan die agterkant.
- Wanneer jy deur al die stasies beweeg het eindig die reis af in die kapel waar jy die slot/opsomming lees en nagmaal self gebruik.
- Daar is in die beradingsentrum geestelike begeleiers en beraders beskikbaar om jou by te staan indien jy ‘n gesprek wil voer oor jou belewenis.
- Die stasies is ‘n plek van stilte. Weerhou jouself daarvan om hier gesprekke aan te knoop en respekteer ander mense se geleentheid om te Here te beleef!
- NEEM ASB KENNIS: Al die voorstellings in die tuin soos beelde en voorwerpe is net fokuspunte en nie in dit sélf heilig nie. Die tyd en spasie wat jy in jou lewe skep vandag word heilig gemaak weens God se ontmoeting met jou!

Inleiding (In die kapel of net voor die eerste stasie)

Jy het vandag gekom omdat jy nodig het om stilte te verkry. Om stil te word het verskeie voordele vir jou lewe. In die eerste plek gee dit vir jou ontvlugting na ‘n heilige spasie waar jy God se stem kan hoor. Dit verlos jou in die tweede plek van die lyding van herhalende gedagtes wat jou lewe teister sodat jy fisies, emosioneel en geestelik rus kan vind. Laastens help dit jou om oor te gee aan God sodat jy die krag van sy lewe en voorsiening kan ervaar. Jesus het gereeld onttrek in stilte na die heilige spasie van stilte te bid: “En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na ‘n eensame plek vertrek en daar gebid.” (Mark.1:35). God nooi jou vandag uit met die woorde uit: “Wees stil en weet Ek is God!” Psalm 46:1

Ons lewe in ‘n wêreld wat ons besoedel met geraas sodat ons, onsself in die geraas verloor. Soms verwar ons stil te wees met ander vorms van stilte. Daar is drie belangrike vorms daarvan. Die een is om om die geraas om jou af te skakel. Die volgende vorm van stilte is om stil te bly. Die derde vorm van stilte is wanneer ons stilte in ons gedagtes ervaar. Dit is wanneer die herhalende gedagtes in ons kop stop oor wat alles wat gebeur het en aan alles wat nog gaan gebeur. Ons noem dié vorm van stilte stilwees. Dit is wanneer jy in jou wese stil word, jy jou fokus verskuif na die huidige oomblik en spesifiek die skrifgedeelte wat voor jou is om dit te oordink en toe te laat dat die Heilige Gees dit vir jou oopmaak sodat God met jou kan praat. Die volgende stasies waardeur jy gaan beweeg gaan jou begelei om stil te word en spasie te skep sodat jy kan mediteer en jou verhouding met God vernuwe kan word en jy sy stem weer kan hoor. Die stasies in die tuine is op die patroon van Jesus se lewe geskep sodat jy vandag met die lewe van Jesus te identifiseer in jou meditasies. Jesus het self ook stiltes beoefen om die bewustheid van God te ervaar.

Wanneer jy die stasies van Jesus se lewe van naby gaan bekyk gaan jy raaksien waar jy jouself bevind en wat geestelike moegheid in jou lewe veroorsaak het. Miskien voel jy asof jy jouself in ‘n woestyn bevind waarin jy jou lus om te lewe en geluk verloor het. Vandag is die geleentheid om jou weer te herlaai met

geestelike krag deur die reis saam met Jesus in die tuin. Neem nou die besluit om alles wat gebeur het in die verlede en alles waaroor jy bekommerd is wat nog moet gebeur in die toekoms agter te laat in die kapel. Die tyd in die tuin is jou afspraak met God en daarop moet jy nou fokus. Doen nou 'n kort asem oefening waarin jy fokus op jou in en uitasem terwyl jy jou gedagtes op die asemhaling hou om dit in die nou te sentreer. Jy gaan dan 'n geleentheid kry om voor in die kapel 'n kers aan te steek as 'n simbool van God se lig wat vandag oor jou lewe opgaan. Wanneer jy die kers opsteek, staan vir 'n oomblik stil en kyk diep in die lig van die vlammetjie wat brand. Probeer teenwoordig wees en laat dit simbolies wees van iets wat in jou siel en gees begin brand wat na elke stasie al hoe groter brand totdat dit jou lewe in totaliteit verlig en elke donkerte verdryf.

- **Jy kry nou 'n geleentheid om voor in die kapel 'n kers aan te steek as 'n simbool van God se lig wat vandag oor jou lewe opgaan.**
- **Jy kan daarna voor in die kapel hierdie gebed of jou eie gebed te bid:**

Jou gebed van toewyding: ... Here ek is vandag hier omdat ek wil stil word help my om stil te bly, myself af te sonder en om stil te wees in my wese sodat ek U kan ontmoet. Amen

Drie belangrike riglyne om in stilte deur te bring.

- Probeer om teenswoordig te wees. Die huidige oomblik is die enigste ding wat werklik is. Die verlede is verby en die toekoms het nog nie aangebreek nie. Ons kan net die verlede onthou en die toekoms antisipeer maar die enigste plek waar ons waarlik kan lewe is in die oomblik van nou. Die belangrikste feit van realiteit is dat God teenwoordig is in elke oomblik. Om dit te vergeet is om die belangrikste aspek van die lewe te vergeet. Die enigste plek waar jy God gaan ontmoet is in die nou. God is die God van die lewendes: Jesus het gesê: "Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes.(Mat 22:32). Hy is die groot "EK is" nie die "Ek was" en nie Ek sal nog wees nie". Hy was teenwoordig in elke oomblik in die verlede waaroor ons dankbaar kan wees en sal teenwoordig wees in elke oomblik in die toekoms wat ons hoop gee maar dié een wat Lewendig en aktief is in die oomblik en is die enigste

aspek wat werklik is. Dit beteken dat jy jou fokus moet reg hou op die oomblik.

- Neem elke gedagte verlede en toekoms gevangene tot gehoorsaamheid aan Christus. Wanneer daar ‘n gedagte in jou kop opkom stop dit deur dit te erken maar weg te beweeg daarvan en terug te bring na die plek waar jou fokus moet wees.
- Indien jy sukkel gebruik ander tegnieke soos asemhaling en notas uit te skryf oor die skriflesing om jou aandag te hou.

“Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you’ll recover your life. I’ll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won’t lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with me and you’ll learn to live freely and lightly.” (Mat 11:28-30, Message)

1. Aankondigings

Lees die skrifgedeelte:

“Toe Elisabet ses maande swanger was, het God die engel Gabriël na Nasaret, ’n dorp in Galilea, gestuur na ’n jong meisie met die naam Maria. Sy was verloof aan ’n man met die naam Josef, ’n afstammeling van koning Dawid. Gabriël het aan haar verskyn en gesê: “Ek groet jou, geseënde vrou! beteken. Moenie bang wees nie, Maria,” het die engel gesê, “want God het besluit om jou te seën! Jy sal swanger word en ’n seun hê en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. En die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee. Hy sal vir ewig oor Israel regeer; en sy koningsheerskappy sal nooit eindig nie!” Maria het vir die engel gevra: “Maar hoe kan ek ’n kind hê? Ek was nog nooit by ’n man nie.” Die engel het geantwoord: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou toevou. Daarom sal die kind wat gebore word, heilig en die Seun van God genoem word.” (Luk.1:23-37, NLV).

Die twee groot vyande van om teenwoordig te wees en wat ons gedagtes beheer is gewoonlik ons verwyte oor die verlede of ons vrese oor die toekoms. In die aankondiging was Maria oorweldig in ‘n oomblik weens haar vrese. Sy het onmiddelik begin dink: Hoe kan ek ’n kind hê? Ek is nog te jonk? Wat sal my ouers sê? Hoe sal die Joodse gemeenskap dit ooit aanvaar? ’n Mens kan jou indink hoe hierdie gedagtes Maria oorweldig het. Maar Maria het haarself in die oomblik aan God oorgegee en geantwoord: “Ek is die Here se dienares en gewillig om te aanvaar wat Hy ook al wil hê. Mag alles wat jy gesê het, waar word.” (Luk.1:38, NLV). Wat gaan tans in jou lewe aan wat geraas in jou gedagtes veroorsaak sodat jy nie die stem van God kan hoor nie? Skryf nou van die gedagtes neer wat jou lewensenergie oorweldig. Dit kan gedagtes wees van wat gebeur het in die verlede of vrese oor die toekoms:

Gee jou gedagtes van die verlede en die toekoms nou aan die Here oor sodat jy in stilte kan inbeweeg sodat jy God se stem kan ervaar.

Wat is jou gebed tot God?

2. Geboorte stasie (Inkarnasie) Joh.1:1-5, 14

"God cannot give us a happiness and peace apart from Himself, because it is not there. There is no such thing." C. S. Lewis

"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig. Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:1-12)

Word stil waar jy in in die geboorte in die tuin sit. Probeer vir 'n paar oomblikke jy gedagtegang stop deur om op jou asemhaling te fokus. Dadelik gaan jou gedagtes outomaties na jou lewe of probleme gaan maar probeer om dit te stop deur om te luister na jou eie asemhaling. Luister daarna en voel hoe die suurstof in jou longe inbeweeg. Tel dan hoeveel keer jy in en uit asemhaal. Probeer om nou jou fokus te skuif na die skrifgedeelte. Lees dit en probeer dan om in jou geestesoog te sien hoe Jeus in die begin, saam met die Vader en Heilige Gees die wêreld geskep het. Sien hoe Jesus wat die lig is in die donker wêreld begin skyn die oomblik toe Hy gebore word. Sien hoe die lig aangaan in elkeen se lewe wat Hom aanneem. Sien jouself in donkerte en ervaar hoe elke deel van jou lewe verlig word deur sy teenwoordigheid.

Wat hoor jy wanneer jy jou fokus na die skrifgedeelte verskuif?

_____

_____

_____

3. Versteekte jare (Kinderjare van Jesus) Joh. 1:46-47; Luk.2:41-52

"You're not defined by your past; you're prepared by it. You're stronger, more experienced, and you have greater confidence." — Joel Osteen

" Daarop sien Jesus Natánael na Hom toe kom en sê van hom: Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie. Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien. Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel! Jesus antwoord en sê vir hom: Glo jy omdat Ek vir jou gesê het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge sien as dit. En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens." (Joh 1: 47-51)

Elkeen van ons het 'n versteekte verlede net soos wat Jesus en Natánael gehad het. Natánael het nie gedink dat Jesus iets geweet het van sy verlede nie. Jesus maak dit bekend dat toe Natánael onder 'n vyeboom gesit en gedink het dat hy alleen was Hy hom gesien het. Natánael was salig onbewus daarvan dat God hom raakgesien het. Vandag dink jy terug aan jou geskiedenis wat vir ander mense versteek is, maar 'n geweldige invloed op jou lewe uitoefen. God weet waardeur jy gegaan het tot hier waar jy in die tuin vandag sit. God verstaan jou verlede, jou pyn en jou uitdagings. Natánael het uitgeroep: "U is die Seun van God". Deur die

belydenis het hy sy geloof in Jesus geplaas en dit het sy lewe gered. Word nou in die oomblik bewus van wie Jesus is en plaas jou geloof ook in Hom.

Wat is God se boodskap aan jou?

_____

_____

_____

Wat is jou gebed tot God?

_____

_____

_____

4. Doop Mat. 3:13, 16-17

"Toe het Jesus van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word. Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe? Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat. En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." (Mat 3:13-17).

Wanneer mense stil word is dit gewoonlik gedagtes van minderwaardigheid en gebrek wat hulle teister. Jy word uitgenooi vandag om te dink wat gebeur het by Jesus se doop en hoe dit ook op jou lewe van toepassing is. God, die Vader gee erkenning aan Jesus, wie Hy was, sy gehoorsaamheid en wie Hy bedoel is om te wees. Net soos wat God die Vader verklaar dat Jesus sy geliefde seun is staan God se verklaring vas oor

jou: “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie.” (1Joh.3:1,NLV). Dink oor die woorde en wat dit vir jou lewe beteken:

_____

_____

_____

5.Versoeking



“Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword. En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen ‘n klip stamp nie. Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie. Weer neem die duiwel Hom saam na ‘n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.” (Mat.4:1-11).

Jesus is deur die Heilige Gees in die woestyn in gelei waar Hy versoek is deur Satan. Daar is Hy gekonfronteer met drie versoekings wat Hom wil

weglei van God se doel met sy lewe. Jesus was honger daarom het Satan Hom versoek om van die klippe brode te maak. Jesus kon maklik gewys het dat Hy God is en kon dit misbruik om van die tempel se dak af spring. Jesus kon ook kortpad geneem het om in plaas van te sterwe as die offer van die sonde van die wêreld in te gee vir Satan se terme. Maar Jesus het geweier en omdat Hy in oortuiging gestaan het, het die engele Hom kom dien. God het ook ’n doel met jou lewe en Satan sal ook probeer om die doel te verbreek. Gewoonlik kom die vyand en versoek ons op plekke waar ons swak is net soos in Jesus se geval. Wanneer jy in stilte sit vra die Here om aan jou te wys waar die plekke is waar jy swak is? Gee dit dan nou oor aan die Here en vra die Here om jou te versterk!

Wat is God se boodskap aan jou?

_____

_____

_____

6. Bediening Luk 4:16-19

“Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees. En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is: Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.”(Luk. 4:16-19)

Jesus verklaar in die Sinagoge dat Hy gekom het om mense vry te maak, genees en herstel. Hy het ook gekom om jou te bevry van die lyding van

herhalende gedagtes wat jou teister. Dit is nou jou geleentheid om Jesus se aankondiging op jou lewe toe te pas. Skryf nou die gedagtes wat jou teister neer in die spasie hieronder en vertrou die Here om jou van dit vry te maak as jou aangename jaar!

Wat is God se boodskap aan jou?

Wat is jou gebed tot God?

7. Verheerliking Mark.9:2-8

"En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle alleen op 'n hoë berg in die eensaamheid geneem; en Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy klere het blink geword, baie wit soos sneeu, wit soos geen bleiker op aarde dit kan maak nie. En daar het aan hulle verskyn Elía saam met Moses, en hulle was in gesprek met Jesus. Toe spreek Petrus en sê vir Jesus: Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en vir Elía een. Want hy het nie geweet wat om te sê nie, want

hulle was heeltemal verskrik. En daar kom ‘n wolk wat hulle oordek; en uit die wolk kom ‘n stem wat sê: Dit is my geliefde Seun, luister na Hom! En meteens kyk hulle rond en sien niemand meer by hulle nie, behalwe Jesus alleen.” (Mark. 9:2-3).

Wanneer jy na die beeld in die tuin kyk sien jy die voorstelling van Petrus wat verblind word deur Jesus se heerlikheid. Petrus het in die oomblik besef dat Jesus God is. Die oomblik was vir Petrus so groot dat hy permanent op die berg in sy heerlikheid wou bly. Die Vader het egter deur ’n wolk gepraat en gesê: “Dit is my geliefde Seun, luister na Hom!” Vir die dissipels was die stem ’n aanmoediging om gehoorsaam te wees aan Jesus en so deel te hê aan God se heerlikheid. Verlang jy ook na die heerlikheid wat vrede in jou lewe gee? Deel van ons probleem is enersyds dat ons nie altyd besef wie Jesus is nie. Dit veroorsaak dat ons nie die stap neem om geloof uit te oefen in sy almag wat ons lewe verander nie. Sien in jou geestesoog Jesus op die berg Tabor in sy verheerlikte toestand. Indien ons God se heerlikheid blywend in ons lewe wil verkry moet ons Jesus in gehoorsaamheid te volg. Dit is wat God se guns losmaak in ons lewe. Wat vra God van jou om vandag te doen?

8. Lyding Mat.27:22, 26-31

"Life is not a problem to be solved, but a reality to be experienced."– Soren Kierkegaard

"Toe laat hy vir hulle Barábbas los, maar Jesus het hy laat gésel en oorgelewer om gekruisig te word. Daarop neem die soldate van die goewerneur Jesus met hulle saam in die goewerneur se paleis en bring die hele leërafdeling teen Hom bymekaar. Toe trek hulle sy klere uit en werp 'n rooi mantel om Hom; en hulle vleg 'n kroon van dorings en sit dit op sy hoof, en 'n riet in sy regterhand; en hulle val op hul knieë voor Hom en bespot Hom en sê: Wees gegroet, Koning van die Jode! En hulle spuug op Hom en neem die riet en slaan Hom op sy hoof. En nadat hulle Hom bespot het, trek hulle Hom die mantel uit en trek Hom sy klere aan en lei Hom weg om gekruisig te word." (Mat 27:26-31)

Wanneer jy in die stasie na die pilaar kyk met die doringkroon, boeie en doringplantjies moet jy dink aan Jesus wat vir jou gely het sodat jy vrede in jou gemoed kan verkry. Die profeet Jesaja profeteer honderde jare voordat Jesus gebore is en sou ly, dat sy lyding vir ons sal vrede bring: "Hy is geslaan en gepynig ter wille van ons sondes. Hy is gestraf sodat ons in vrede kan leef. Hy is geslaan sodat ons gesond kan word." (Jes.53:5, NLV). Mediteer oor die skrifgedeelte en maak die belofte van vrede jou eie!

Wat is God se boodskap aan jou?

_____

_____

_____

9. Kruisiging Joh.19:17, 23, 28-30

“En Hy het sy kruis gedra en uitgegaan na die sogenaamde Hoofskedelplek, in Hebreeus Gólgota, waar hulle Hom gekruisig het en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, en Jesus in die middel. En Pilatus het ook ‘n opskrif geskrywe en dit op die kruis gesit; en daar was geskrywe: JESUS,

DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE.” Hierdie opskrif dan het baie van die Jode gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was; en dit was geskrywe in Hebreeus en Grieks en Latyn. En die owerpriesters van die Jode het vir Pilatus gesê: Moenie skrywe: Die Koning van die Jode nie; maar dat Hy gesê het: Ek is die Koning van die Jode. Pilatus het geantwoord: Wat ek geskryf het, het ek geskrywe. En toe die soldate Jesus gekruisig het, neem hulle sy klere en maak vier dele, vir elke soldaat ‘n deel, en die onderkleed; maar die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe. En hulle het vir mekaar gesê: Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daaroor werp, wie s’n dit sal wees—sodat die Skrif vervul sou word wat sê: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad het hulle die lot gewerp. Dit het die soldate dan gedoen. En by die kruis van Jesus het gestaan sy moeder en sy moeder se suster, Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdaléna.” (Joh.19:17-25).

Dit is verbasend dat Jesus Christus gedurende die laaste ure van sy lewe meestal stil was. Met inagneming van al die onreg wat teen hom gebring word, is sy stilte amper irriterend! By die verhoor was Hy baie stil. Maar nou aan die kruis hoor ons skaars 'n woord - beslis nie in reaksie op sy pynigers nie. Waarom, o waarom, was Hy so stil? Die antwoord berus daarin dat Hy die tweede Adam is wat die sondes van die eerste Adam en al die uitverkore kinders van God kom betaal het. In Paulus se woorde in 2 Korintiërs 5:21: "God het hom wat geen sonde gehad het nie, sonde vir ons gemaak." Hy is onder die vloek van die wet, en het die gewig van God se toorn op Hom gebring. Watter reg het hy gehad om sy mond op daardie

oomblik oop te maak? Hy het geen reg gehad nie. Hy het geen reg gehad om homself te verdedig nie. Hy was skuldig. Wat was daar om te sê? Soos 'n lam wat na die slagting gelei word, het Hy stom gebly en nie sy mond oopgemaak nie. Dit is die stilte van die Lam.. God het vir Jesus Christus gesê: Neem jy gewilliglik die sondes van jou mense op jouself en is jy bereid om daarvoor te betaal? Jesus het geantwoord: Kyk, ek het gekom om U wil te doen. En so het God sy oordeel laat neerkom op Jesus en in pyn het Hy uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Maar dit was geen verweer, geen protes nie; dit was beslis geen verweer voor sy pynigers nie. Hy was stil, en die stilte was goud. Dit was 'n goue stilte, want Hy het nie probeer wegkom van wat gebeur nie. Hy het dit aanvaar om vir ons sondes te betaal en uiteindelik gesê "Dit is volbring."

Wat is God se boodskap aan jou?

_____

_____

_____

10. Opstanding Mark 16:1-7



“En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop, kom hulle by die graf. En hulle sê vir mekaar: Wie sal vir ons die steen voor die opening van die graf wegrol? En toe hulle opkyk, sien hulle dat die steen weggerol was, want dit was baie groot. En toe hulle in die graf ingegaan het, sien hulle ‘n jongman, met ‘n lang wit kleed om, aan die regterkant sit, en hulle het baie geskrik. En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het. Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.”(Mar.16:2-7).

Die Saterdag net na die kruisiging van Jesus word deur sommige stil Saterdag genoem. Die rede is omdat na die besige dag waarin Jesus in die vroee oggend ure verhoor en veroordeel is, is Hy weggelei deur die strate van Jerusalem, is Hy gewelddadig gekruisig, het Hy aan die kruis gesterwe en is Hy begrawe. Daar het ‘n swanger stilte oor Jerusalem gehang. Dit het gelyk asof dit verby is. Maar terwyl alles stil was het die Heilige Gees begin werk deur die krag van die opstanding. Alhoewel stiltes soms moeilik is, hou dit die belofte van God se opstandingskrag wat beskikbaar is. Paulus maak dit duidelik in sy brief aan die Romeine: “En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.” (Rom 8:11)

Wat beteken die gedeelte vir jou?:

_____

_____

_____

11. Hemelvaart Hand.1:6-11

“En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en ‘n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.” (Hand.1:9-11).

Jesus het opgevaar na die hemel en skielik was Hy buite hulle gesigsveld. Hulle moes nou deur hulle geloof in Hom leef. Hulle het nie meer sy stem in hulle ore gehoor nie en moes dit nou in hulle gees hoor. Hulle het nie

meer gesien nie, maar moes deur hulle geloof glo dat Hy net so werklik is, as wat Hy op aarde was deur die Heilige Gees. Wanneer alles om ons stilword kan ons steeds aan God vashou. In ’n skuiling vir Jode tydens die Tweede Wêreld Oorlog in Duistland is die volgende inskripsie teen ’n muur gekry: “I believe in the sun even when it is not shining; I believe in love even when feeling it not; I believe in God even when He is silent.”

12. Uitstorting van die Heilige Gees Hand 2:1-4

“En toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.

En daar kom skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.” (Hand.2:1-4)

Jesus was weg en in die stilte van die dissipels se eensaamheid het hulle begin wag op die Heilige Gees in gebed. Toe gebeur die onbeskryflike gebeurtenis waar die Heilige Gees mense vervul met die grootheid van God. Mense het die stilte verbreek deur God te begin aanbid en loof deur verskillende tale.

Wat is God se boodskap aan jou?

_____

_____

_____

Keer nou terug na die Kapel om jou reis vir vandag te eindig met nagmaal.

Jy het nou kosbare tyd uitgekoop om te rus in die Here en op Hom te wag. Daar is ‘n belofte deur een van die bekende Ou Testamentiese profete: “ Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie” (Jes. 40:29-31).

Probeer om op ‘n daaglikse basis dit te beoefen om in te ontrek in stilte, stil te bly en in stilte op die Here te wag totdat jy nuwe krag verkry.

Gebruik nou nagmaal

Jy is welkom om nou die nagmaal voor in die Kapel te gebruik as ‘n simbool van Jesus se liggaam wat vir jou vryheid gebreek is en sy bloed wat vir jou genesing gestort is te gebruik om jou verhouding met God te bevestig.

Gebed: Ek het vandag gereis deur die stasies om stil te word, U te ontmoet en U stem te hoor. Dankie dat U my geestelike vernuwe en herstel het! Leer my om U wil te doen en om waarlik oorvloedig te leef! Amen